



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

GESKIEDENIS V1
STANDAARDGRAAD
FEBRUARIE/MAART 2007
503-2/1

GESKIEDENIS SG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

PUNTE: 150



TYD: 2½ UUR

503 2 1A

SG

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van
11 bladsye.**

X05



INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.
5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.
6. Beantwoord DRIE vrae.
 - 6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.
 - 6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD:
DIE PERIODE 1948 TOT 1976 (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N
BRONGEBASEERDE VRAAG).**
7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Die tyd toegelaat vir hierdie vraestel moetoordeelkundig in die beantwoording van die vrae aangewend word, verkieslik sowat 50 minute per vraag.
9. Die blote oorskryf van die bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.
10. Skryf duidelik en leesbaar.

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

VRAAG 1A

Bespreek Generaal JBM Hertzog se strewe na soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika tussen 1926 en 1934. [50]

OF

VRAAG 1B

Beskryf die tien jaar in Suid-Afrikaanse politiek, vanaf 1929 tot 1939, as 'n periode van koalisie, samesmelting en skeuring. [50]

VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

VRAAG 2A

Beskryf die bydraes wat deur die eerste ministers van die Nasionale Party tussen 1948 tot 1961 gemaak is, in die totstandkomming van die Republiek van Suid-Afrika.

[50]

OF

VRAAG 2B

Verduidelik hoe die weerstand teen die apartheidsregering toegeneem het sedert die tyd van die Sharpeville slagting in 1960 tot die Soweto opstand in 1976. [50]

VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

VRAAG 3A

Bespreek die rol wat die swart vakbondbewegings in die weerstand teen die Suid-Afrikaanse regering in die 1980's gespeel het. [50]

OF

VRAAG 3B

Verduidelik die verloop van onderhandelinge tussen 1990 en 1994 wat die ontstaan van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika moontlik gemaak het. [50]

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**4.1 WATTER IMPAK HET DIE TWEEDE WêRELDORLOG OP SWART SUID-AFRIKANERS GEHAD?**

Bestudeer Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

- (a) Watter beloftes het Generaal JC Smuts aan terugkerende swart soldate van die Tweede Wêreldoorlog in perspektief 1 gemaak? (2 x 1) (2)
- (b) Verduidelik of die beloftes wat deur Smuts in perspektief 1 gemaak is, vervul was. (2 x 2) (4)
- (c) Volgens perspektief 2, watter belonings het Graham Morodi ontvang? (4 x 1) (4)
- (d)
 - (i) Volgens perspektief 2, waarom het Graham Morodi ontevrede met die regering geword? (2 x 2) (4)
 - (ii) Volgens perspektief 2, hoe het Graham Morodi beplan om dit te beveg? (2 x 2) (4)
- (e) Waarom volgens Moses Kotane in perspektief 3 was die reaksie van Afrikane tot die oorlog, moeilik om te beskryf? (2 x 2) (4)
- (f) Watter bewyse is daar in perspektief 3 wat daarop dui dat Afrikane demokrasie waardeer het? (2 x 1) (2)
- (g) Verduidelik wat Kotane bedoel het met 'Ek vind dit moeilik om te glo ... dat 'n Engelse dief beter is as 'n Duitse een'. (2 x 3) (6)
- (h) Vergelyk Mokgatle se reaksie in perspektief 4 met Kotane se reaksie in perspektief 3 en verduidelik die ooreenkomste. (2 x 2) (4)

- 4.1.2 Bestudeer Bronne 4A en 4B. Verduidelik hoe Bron 4B die bewering van Graham Morodi in Bron 4A (perspektief 2), versterk (ondersteun). (2 x 2) (4)
- 4.1.3 Gebruik die bewyse uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls (ongeveer 120 woorde) en beskryf die impak van die Tweede Wêreldoorlog op swart Suid-Afrikaners. (12)
[50]

VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**5.1 WATTER EFFEK HET DIE PASWETTE OP SUID-AFRIKAANSE VROUË IN DIE 1950's GEHAD?**

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

- (a) Waarom het Afrikane (swart) vroue die afskaffing van die paswette geëis? (3 x 1) (3)
- (b) Verduidelik waarom die regering die vroue wou forseer om passe te dra. (1 x 2) (2)
- (c) Waarom vergelyk die stroobiljet die 'Verwysingsboek' met slawerny? (3 x 2) (6)
- (d) Hoe dui die bron die ware moed van vroue aan? (2 x 2) (4)

5.1.2 Verwys na Bron 5B.

- (a) Watter motivering was daar vir die vroue om aan die optog deel te neem? (2 x 1) (2)
- (b) Verduidelik waarom die vroue in groepe van twee en drie beweeg het. (1 x 2) (2)
- (c) Haal inligting uit die bron aan om te bewys dat 'n groot aantal vroue aan die demonstrasies deelgeneem het. (2 x 1) (2)
- (d) Waarom dink jy het Lilian Ngoyi eers saggies 'Nkosi Sikelele' begin sing? (1 x 2) (2)
- (e) Vergelyk al drie verslae. Beskryf in jou eie woorde, beskryf die stemming tussen die vroue gedurende die demonstrasie. (2 x 2) (4)
- (f) Verduidelik die belangrikheid van die tweede lied (verslag 3), 'Jy het 'nrots getref ... vernietig word'. (1 x 2) (2)

5.1.3 Gebruik Bron 5C.

- (a) Hoe het Lilian Ngoyi die optog beskou? (1 x 1) (1)
- (b) Waarom dink jy het die regering geweier om te glo dat swart vroue op hul eie inisiatief opgetree het? (1 x 2) (2)
- (c) Gebruik jou eie kennis sowel as bewyse uit Bron 5C en lewer kommentaar op die akkuraatheid van die stelling 'vroue van alle rasse' het aan die protesoptog deelgeneem. (2 x 2) (4)
- (d) In watter wyses het JG Strijdom en Albert Luthuli verskil in hul sienings oor die vroue-optog na Pretoria? (2 x 2) (4)
- (e) Verduidelik tot watter mate dink jy kan Albert Luthuli se woorde '... as vroue teruggestaan het, sou weerstand steeds struikelend en onseker gewees het' regverdig word. (1 x 2) (2)
- 5.1.4 Die jaar 2006 is die 50ste herdenkingsjaar van die Vroue-optog. Gebruik die bewyse uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel van ongeveer 8 reëls (ongeveer 80 woorde) vir jou skool se koerant en verduidelik die betekenis van die Vroue-optog. (8)
[50]

VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**6.1 HOE HET DIE APARTHEIDSREGERING OP SWART WEERSTAND IN DIE 1980'S GEREAGEER?**

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C en 6D om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

- (a) Volgens die inligting in die bron, vir wie blameer Generaal Johan Coetzee vir die dade van sabotasie teen die regering? (2 x 1) (2)
- (b) Wat het Johan Coetzee laat glo dat swartmense nie die ANC ondersteun nie? (2 x 1) (2)
- (c) Lewer kommentaar op die stelling dat die regering van voorneme was om in vrede met naburige lande te leef. (2 x 2) (4)
- (d) Watter redes het Generaal Lloyd aangevoer vir die militêre aanvalle gerig teen naburige lande? (2 x 2) (4)

6.1.2 Verwys na Bron 6B.

- (a) Verduidelik waarom jy dink dat dit nodig was dat ANC soldate (cadres) in Matola gehuisves word. (2 x 2) (4)
- (b) Waarom dink jy het die Suid-Afrikaanse magte van Russiese voertuie gedurende die aanval gebruik gemaak? (1 x 2) (2)

6.1.3 Gebruik die inligting in Bron 6C.

- (a) Beskryf hoe beide Oliver Tambo en die ouers van Krishna Rabilal gereageer het op die slagting by Matola. (2 x 2) (4)
- (b) Volgens die bewyse in Bron 6C, hoe het die skrywer (Nundall Rabilal) gevoel omtrent die manier waarop sy broer doodgemaak is? (2 x 1) (2)
- (c) Wat leer jy omtrent die ANC se stelling, 'Oliver Tambo, Die President van die ANC, het daarheen gekom om te simpatiseer'? (2 x 2) (4)
- (d) Verduidelik hoe Bron 6B deur die bewyse in Bron 6C geondersteun word rakende die metodes wat gebruik is in die aanval op Matola. (2 x 2) (4)

6.1.4 Verwys na Bron 6D.

- (a) Verduidelik waarom PW Botha diegene wat by Matola gedood is, as terroriste beskou het. (2 x 2) (4)
- (b) Beskryf die akkuraatheid of onakkuraatheid van Botha se stelling dat daar 'tien duisende swartmense was wat niks met die Sowjet Unie, die ANC of Marxisme te doen wou gehad het nie. (2 x 2) (4)

6.1.5 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n artikel (paragraaf) van ongeveer tien reëls (ongeveer 100 woorde) vir insluiting in die skool geskiedenis tydskrif oor hoe die apartheidregering teenoor swart weerstand in die 1980's gereageer het. (10)
[50]

TOTAL:150



**GESKIEDENIS V1
ADDENDUM
STANDAARDGRAAD
FEBRUARIE/MAART 2007**

X05



VRAAG 4: DIE PERIODE VAN 1924 TOT 1948**4.1 WATTER IMPAK HET DIE TWEEDE WÊRELDORLOG OP SWART SUID-AFRIKANERS GEHAD?****BRON 4A**

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het 123 131 swart, kleurling en Indiërmans vrywilliglik by die weermag aangesluit, 2 300 van hulle is dood in aksie. Die volgende is verskillende perspektiewe van soldate wat teruggekeer het.

Perspektief 1

In 1945 sê Generaal J.C. Smuts aan hulle: "Die oorlog is verby; julle gaan terug na 'n nuwe Suid-Afrika waar dinge verander het. Julle sal goed beloon word." Terug by die huis het hulle geen materiaal, opvoedkundige of pensioenvoordele, soos aan hul wit eweknieë gegee is, ontvang nie. Willie Stevens van die Kaapse Kleurlingkorps het 'n fiets en R18 ontvang, en dit was dit.

Perspektief 2

Graham Morodi was 'n Afrikaan (swartman) wat in die Suid-Afrikaanse Weermag gedien het. Later, in die 1960's, het hy aangesluit by Umkhonto we Sizwe en in die 1980's het hy gedien as die ANC se Hoofverteenvoerdiger in Zambië en Tanzanië.

"In 1941 het ek aangesluit by die weermag. Ons kon gewere hanteer, maar nooit om daarmee te skiet nie. Ons kon net assegaaie [spiese] dra. Daarvan het ons nie gehou nie. Ons is gedemobiliseer in 1945. Ek kry toe 'n kakiekop, 'n kombers, menigte sertifikate en 'n paar medaljes en niks meer, behalwe vyf pond as sakgeld en belowe dat ons iets sou kry as ons by die huis aankom: dat ons nie meer passe gaan dra nie en dat ons huise sou kry waarvoor ons nie baie huur hoef te betaal nie. Maar van dit alles het niks gebeur nie. Toe het ek begin sê: "Nou gaan ek by die ANC aansluit om te baklei teen hierdie regering wat my beroof en my leuens vertel het."

Perspektief 3

Moses Kotane het dit te sê: "Die reaksie van Afrikane (swartmense) tot die huidige oorlog is baie moeilik om te beskryf. Maar een ding is seker, daar is geen entoesiasme tussen hulle vir hierdie oorlog nie. Die rede is dat hulle nie oortuig is van die waarheid en oorsake van hierdie oorlog nie, en hulle as onderdrukte mense pas nêrens in die doelwitte daarvan nie. Afrikane sou wou sien dat alle mense in die wêreld, ongeag kleur of geloof, demokratiese regte geniet."


Hulle het nog altyd die onafhanklikheid van ander gerespekteer. Maar hulle vind dit moeilik om te glo dat 'n dief hulle teen diefstal kan beskerm, of dat 'n Engelse dief beter is as 'n Duitse dief."

Perspektief 4

Naboth Mokgatle het op die volgende wyse gereageer: 'Wat ek gelees het wat met die Joodse mense in Duitsland gebeur het, was soos my eie storie, die storie van Afrikane (swartmense) in Suid-Afrika. Toe ek lees dat hulle ontneem was van vryheid van beweging in hul geboorteland, dat hulle gesegregéerd was, opvoeding ontsê was, dat hulle afgesit was van hul werke, dat hulle in konsentrasiekampe geforseer was, terwyl sommige doodgegaan het sonder dat naasbestaandes daarvan bewus was, jag op hulle gemaak is, dat hulle vervolg is, dat hul intellektueles verag is, dat hulle verbied is om medisyne te praktiseer, dat hulle moes kaarte dra om hulle te identifiseer as Jode, dat hul waardigheid vernietig is, klopjagte op hul huise enige tyd van die dag of nag, – dit was 'n beskrywing van die Afrikaanse lewe in sy eie land.'

BRON 4 B

Glinsterende assegaaie – die ‘Inlandse (Native) Militêre Korps’ was die oorspronklike opskef van hierdie foto wat in 1942 geneem is. Dit wys Afrikane (swart) soldate wat assegaaie (spiese) dra omdat die Smuts-regering geweier het om hulle toe te laat om gewere te dra.



VRAAG 5**DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

5.1 WATTER EFFEK HET DIE PASWETTE OP SUID-AFRIKAANSE VROUWE IN DIE 1950'S GEHAD?

BRON 5 A

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n pamflet deur die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue en die ANC Vroueliga (Weskaap) om die paswette af te skaf.

Herroep die paswette

Wie weet beter as enige Afrikaan (swart) vrou wat dit beteken om 'n man te hê wat 'n pas moet dra? Die vroue weet dat:

PASSE BETEKEN TRONK TOE

PASSE BETEKEN GEBROKE HUISE

PASSE BETEKEN LYDING EN ELLENDE VIR ELKE FAMILIE IN ONS LAND

PASSE IS MAAR NET 'n ANDER MANIER WAAROP DIE REGERING SLAWE MAAK VAN AFRIKANE (SWARTMENSE)

PASSE BETEKEN HONGERTE EN WERKLOOSHEID

PASSE IS 'n BELEDIGING

En die Regering probeer nou dat vroue ook passe moet dra.

Geen vroue laat hulle bedrieg deur die 'Verwysingsboek' nie. Ons weet dit is dieselfde as 'n pas. As 'n vrou betrap word sonder hierdie boek of as al die dokumente daarin nie in orde is nie, word sy in die Kwela-Kwela (polisievoertuig) gestoot en tronk toe geneem.

OM 3/6 (ongeveer R3,60) VIR HIERDIE 'VERWYSINGSBOEK' TE BETAAL, IS OM SLAWERNY TE KOOP

Deur verenig te staan en met een stem te protesteer en in alle areas te organiseer teen hierdie bose wet, poog die vroue vir die afskaffing van die paswetstelsel met sy boosaardige aanval op ons vryheid.

BRON 5 B

'n Groot aantal anti-pas demonstrasies het plaasgevind in verskeie dele van Suid-Afrika in beide stede en kleiner sentrums. Die hoogtepunt van die anti-pasveldtog was 'n optog van 20 000 vroue in Pretoria op 9 Augustus 1956, 'n dag wat nou deur die vryheidsbeweging beskou word as Suid-Afrikaanse Vrouedag. Die volgende is uittreksels van verslae van sommige van die vroue wat aan die optog deelgeneem het:

Verslag 1: Dorothy Masanya:

Vraag: Wat het jou finaal gemotiveer om te sê ek gaan die regering by die horings pak? Wat het jou gemotiveer om self aan die optog deel te neem?

Dorothy: Wel, as 'n Afrikaan (swartvrou) het ek gevoel ek moet iets doen. Ek was bekommerd... dat dit [die paswette] uiteindelik ook aan ons nageslagte oorgedra sal word.

Vraag: Hoe het die vroue tot in Pretoria gekom?

Dorothy: Ja, ons het almal bymekaargekom, ander mense van ander sentrums... Hulle het gekom met treine en so aan Ouer mense het rygeleenhede gekry deur ondersteuners

Vraag: Kan jy kortliks beskryf wat was die gemoedstemming? Hoe het jy gevoel?

Dorothy: Ons was almal entoesiasties om daar te kom om hierdie Boer baas (meester) te sien en hom te vertel dat ons nie daardie goed gaan dra nie

Verslag 2: Frances Baard:

Vraag: Kan jy 'n bietjie vertel van die optog; hoe was dit georganiseer?

Frances: Vroeg die volgendeoggend het ons vertrek. Ons het in stilte voortbeweeg in groepies van twee en drie. Ons kon nie sing of slagspreuke skree nie, want dit sou neerkom op 'n vergadering en 'n optog en ons sou onsself aan aksie deur die polisie blootstel. Rondom 12 uur was ons op pad na die Uniegebou. En, teen halfdrie was die enigste stuk grond sigbaar die grys terras wat lei na die trappe.

Verslag 3: Helen Joseph:

'Ons het die brieue van verset in die Uniegebou geneem, na die kantore van die Eerste Minister, Johannes Strijdom. Hy was nie daar nie. Ons het sy kantoor bestrooi daarmee en teruggekeer na die duisende vroue, wagtend op ons, styf teenmekaar Lilian Ngoyi het 'n beroep op hulle gedoen om in stille protes te staan. Terwyl sy haar regterarm lig in die 'Congress salute', het 20 000 arms opgegaan en so gebly vir eindeloze minute. Aan die einde van daardie halfuur het Lilian begin sing, eers sag, 'Nkosi Sikelele'...Vir swartmense het dit hul volkslied geword en die stemme het hoër geword soos hulle aansluit by Lilian, al hoe harder en sterker. Toe hoor ek 'n nuwe lied, spesiaal gekomponeer vir die protes, 'Wathint' a bafazi, wa unthnt' imbolodo uzo kufa' ('Jy het 'n rots getref, jy het met die vroue getemper (kwaad gemaak), jy sal vernietig word.') Dit was vir Strijdom bedoel ... '.

BRON 5C

Die volgende is uittreksels wat verwys na die reaksie op die sukses van die vroue-optog na die Uniegebou.

Uittreksel 1 uit Luli Callinicos, *A place in the City*.

Lilian Ngoyi was tevrede met die protes alhoewel hulle (die vroue) geen regeringsamptenare ontmoet het nie. Die vroue het hul sterkte en volharding getoon om rassistiese wette te beveg.

Die regering het geweier om te glo dat die swartvroue op hul eie inisiatief gereageer het. Die Eerste Minister, mnr. JG Strijdom het verklaar dat die massa-protes van die vroue skandalig was, aangesien dit aangevuur was deur 'Europeërs' (witmense). Lilian was woedend oor so 'n suggestie en het 'n kwaai brief aan hom gerig:

'Die voorstel dat die protes die gevolg was van aanhittings deur Europese (wit-) vroue, is absoluut ongegrond. Die protes het die wense van vroue van alle rasse uitgespreek. Afrikane (swart-) vroue was in die meerderheid tydens die protes en was trots om deur vroue van ander rasse vergesel te wees. Wat onverstaanbaar vir ons is, is hoe 'n demonstrasie van vroue van alle rasse vyandigheid kan laat ontstaan tussen Europeërs en nie-Europeërs. Die feit dat ons as 'n eenheid na die Uniegebou gegaan het, het die diep gevoel van vriendskap en simpatie tussen vroue van alle rasse bewys. Hierdie gevoel is gebaseer op die feit dat die begeertes en behoeftes vir ons families dieselfde is, ongeag die kleur van ons vel. Wil die Eerste Minister hierdie gevoel uitwis in die naam van die voorkoming van onenigheid?'

Uittreksel 2 uit Martin Roberts, *A History of South Africa*

Die belangrikheid van die rol van vroue in die stryd is erken deur die vorige president van die ANC, Albert Luthuli toe hy gesê het: 'Tussen ons Afrikane het die gewig van weerstand grootliks toegeneem met die verskyning van vroue gedurende die laaste paar jare. Dit mag eintlik waar wees dat, as die vroue op die agtergrond gebly het, die weerstand steeds wankelrig en onseker sou wees Die demonstrasie [van vroue teen passe in 1956] het 'n groot impak gehad en het groot impetus (momentum) verleen Verder was vroue van alle rasse by verre minder huiwerig as mans om saam die strewe na basiese behoeftes aan te pak.'

VRAAG 6: DIE TYDPERK 1976 TOT 1994**6.1 HOE HET DIE APARTHEIDSREGERING OP SWART WEERSTAND IN DIE 1980'S GEREAGEER?****BRON 6A**


Hierdie is 'n aanhaling van Generaal Johan Coetzee, 'n sekuriteitspolisieman op die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) op 26 Augustus 1980 met betrekking tot die regering se optrede teenoor vryheidsorganisasies.

Uitsprake dat sabotasiekomplotte teen die Suid-Afrikaanse regering beplan word deur sogenaamde 'vryheidsvegters' van die African National Congress is verkeerd. Hierdie komplotte is die breinwerk van wit agente, en swart ANC agente word ingestuur as kanonvoer om die vuilwerk te doen. Ek dink die ANC se aanspraak dat hulle op grondvlak ondersteuning het onder swartmense is vals, en dit word goed gedemonstreer deur 'n onlangse geval waar hulle mense uit die Verenigde Koninkryk, België en Kanada ingebring het om hierdie sameswering te lanseer, om aan te val wat voor-die-hand-liggend 'n statuseiken, die militêre hoofkwartier, was. Ek dink dit demonstreer dat hulle nie ondersteuning het van die swart bevolking soos wat hulle beweer nie

Die kommandeur van die Suidwes-Afrikaanse Territoriale Magte, Majoor Generaal Charles Lloyd, sê beide die Eerste Minister en die Minister van Verdediging het herhaardelik opgelet dat Suid-Afrika alles doen wat sy kan om in vrede met haar buurstate te leef. Nietemin is hierdie state gewaarsku dat ondersteuning aan terrorisme nie versoenbaar is met goeie buurmanskap nie. Generaal Lloyd het voorts verklaar dat dade van terrorisme teen ons mense nie geduld sal word nie en dat dit onvermydelik is dat terroriste nagesit en die basisse waarvan hulle opereer, vernietig sal word.

BRON 6B

Die volgende foto en koeranthoofberig illustreer die omvang van die aanval op die twaalf ANC soldate [cadres] wat doodgemaak is deur die Suid-Afrikaanse Weermag op 30 Januarie 1981 in Matola, Maputo:



Maputo sources give details of ANC raid

SA TROOPS USE RUSSIAN MADE VEHICLES TO STAGE THEIR DARING GETAWAY

PRE-EMPTIVE STRIKE

© Details of the precision raid carried out by SA troops on ANC houses in Matola.

Die berig lees: Maputo bronre gee besonderhede van die aanval op die ANC

*Seniorsertifikaat-eksamen
ADDENDUM*

SA troepe het Russies vervaardigde voertuie gebruik om hul wegkom te wys

BRON 6C

Hierdie is 'n uittreksel van Nundall Rabilal (broer van die vermoorde aktivis Krishna Rabilal in Maputo) wie die volgende voorlegging aan die Waarheid-en Versoeningskommissie in 1996 gemaak het.

Tydens ons lang gewag by die grenspos het ons familielede van die ander 11 kamerade (W Khanyile, M Guma, W Skweyiya, L Radebe, B Magubane, M Kgatudi, M Molebatsi, S Ngcobo, L Manekeza, T Bookholane en MM Mokgabudi) wat ook in die aanval gedood is, ontmoet. Ek dink dit is toe dat my ouers aangevoel het dat ek 'n leuen aan hulle vertel het, en dat my broer gedood en nie gewond is nie. Ek kon die tranen oor hul gesigte sien rol. Dit het my hart gebreek, maar vir die res van die reis het ons nie 'n woord gepraat nie.

Ons is na 'n huis geneem waar ons die families van die ander 11 kamerade ontmoet het. Ons het die nag daar deurgebring. Oliver Tambo, die President van die ANC het daar aangekom om te simpatiseer. Hy het my hand vir 'n lang tyd vasgehou sonder om te praat – net sy kop geskud terwyl tranen langs sy wange afgerol het. Hy het toe my ouers vertroos, wat op hierdie stadium oortuig was dat my broer dood is.

Na die begrafnis het die ANC ons geneem na die huis waar die 12 kamerade gedood is. Dit was in die residensiële gebied van Matola. Ons was verstom deur die barbaarsheid van die aanval deur die soldate van die Suid-Afrikaanse Weermag. Drie huise was in die aanval betrokke. Hulle is eers met mortierbomme aangeval, want daar was groot gate in die mure, mure het inmekaar geval. Daar was menigte traangashouers buite die geboue.

Die wredeheid van die aanval was oral sigbaar. Daar was bloed op die vloere, versplinterde glas, gebreekte meubels, honderde koeëlgate in die mure en die plafonne. Hierdie soldate was duidelik bloeddorstige gediertes. Ek kan nie die woede wat in my geheers het beskryf nie

BRON 6D

Hierdie is deel van 'n kopie wat deur die Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie uitgesaai is op 23 Februarie 1981. Hierin regverdig PW Botha die regering se standpunt oor aanvalle op naburige lande.

Vanmiddag in Kaapstad het Eerste Minister Botha die suggestie deur sommige swart leiers dat die onlangse aanval in Mosambiek nie geregverdig was nie en dat hulle die terroriste as helde beskou, as vergesog beskryf. Mn. Botha het gesê sommige swartes mag dinge in hierdie lig sien, maar daar is derduisende swartes wat niks te doen wil hê met die Sowjet Unie, die ANC of Marxisme nie. Mn. Botha het dit beklemtoon dat Suid-Afrika nie probleme wil hê met sy buurstate nie, maar dat hy nie in stilte sal toelaat dat internasionaal-georiënteerde terroriste-groepe sy stabiliteit ondermyne sonder om op te tree nie. Hy het gesê dat indien dit in belang van Suid-Afrika is, verdere aanvalle gedoen sal word.

Behalwe in gevalle waar spesifieke aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

- ANC (n.d.) *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
- Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
- Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
- Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
- Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
- Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
- Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
- Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
- Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
- Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
- Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
- Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
- Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
- Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
- Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
- Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
- Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
- Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
- Mandela, N. 2002 *Long Walk to Freedom* (Johannesburg: MacDonald Purnell)
- Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
- Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
- Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
- New Nation* publication (April 16 – April 22 1993).
- Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
- O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire*, June 1998)
- Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
- Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
- Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria: Sigma)
- Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
- Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
- Suttner Raymond (n.d.) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)